higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N4

1 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Waar
1.3 Onwaar
1.4 Onwaar
1.5 Onwaar
1.6 Onwaar
1.7 Waar
1.8 Onwaar
1.9 Waar
1.10 Waar
1.11 Onwaar
1.12 Onwaar
1.13 Onwaar
1.14 Onwaar
1.15 Waar

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 2

2.1 I
2.2 O
2.3 K
2.4 N
2.5 H
2.6 M
2.7 B
2.8 L
2.9 G
2.10 F
2.11 D
2.12 A
2.13 E
2.14 J
2.15 C

(15 × 2) **[30]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 liedjies
3.2 liedjieskrywer
3.3 ateljee
3.4 opname-
3.5 gratis
3.6 verbruiker
3.7 internasionale
3.8 produkte
3.9 regisseur
3.10 supersterre

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 4

4.1 opnames
4.2 opnamemaatskappy
4.3 buitewêreld
4.4 persoonlike bestuurder
4.5 geld
4.6 kliënte
4.7 Agente
4.8 middelvlakster
4.9 opnamekontrakte
4.10 Fisiese

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B

VRAAG 5

5.1
- ‘n Fisiese opname is ‘n klankopname wat verpak is in fisiese toestelle soos CD’s, kassette of vinielplate.
- ‘n Digitale opname is ‘n klankopname wat verpak is in digitale formate soos MP3 of MP4.

5.2
- ‘n Liedjie is ‘n musikale komposisie.
- ‘n Opname is ‘n klankopname van ‘n liedjie.

5.3
- ‘n Komponis is ‘n kreatiewe persoon wat daarvoor verantwoordelik is om die musiek of die liedjie te komponeer of te skryf.
- ‘n Regisseur is daarvoor verantwoordelik om die opname te produseer.

Kopiereg voorbehou

5.4
- ‘n Waarlik onafhanklike opnamemaatskappy word besit en gefinansier deur sy eienaars of beleggers.
- ‘n Onafhanklike maatskappy wat by ‘n groot maatskappy geaffilieer is, is geaffilieer by sodanige opnamemaatskappy vir die verspreiding en bemarking van sy opnames.

5.5
- Aflaai is om ‘n kopie van ‘n digitale lêer uit ‘n sentrale bediener na ‘n randtoestel soos ‘n mobiele telefoon of rekenaar te neem.
- Stroom is ‘n manier om toegang te verkry tot die digitale inhoud van ‘n sentrale bediener sonder om die inhoud aan te skaf.

5.6
- ‘n Webuitsending is ‘n lewende internetuitsending.
- ‘Podcasting’ is ‘n uitsending van ‘n radioprogram wat opgeneem is.

5.7
- Meganiese tantiéme is gelde wat gegenereer word deur die speel van opnames oor die radio.
- Optrede-tantiéme is gelde wat gegenereer word deur die uitvoer van liedjies oor die radio.

5.8
- ‘n Agent bespreek die kunstenaar vir lewende persoonlike verskynings.
- ‘n Persoonlike bestuurder bestuur die kunstenaar se loopbaan.

5.9
- ‘n Opnamepromotor verseker dat opnames oor die radio gespeel word.
- ‘n Musiekpromotor organiseer konserte en bespreek musikante om lewende musiek uit te voer.

5.10
- ‘n Voorskot is die betaling van tantiéme deur middel van ‘n voorbetaling.
- ‘n Fonds is ‘n bedrag geld wat bestaan uit ‘n voorskot en gelde uit opnames.

(10 × 4) **[40]**

VRAAG 6

6.1
- Om die kunstenaar te help met belangrike besigheidsbesluite, soos die keuse van ‘n maatskappy waarmee ‘n ooreenkoms aangegaan word
- Om die kunstenaar te help met die kreatiewe proses, soos die keuse van ‘n regisseur
- Om die kunstenaar se loopbaan te bevorder deur die kunstenaar op te hemel by almal wat die bestuurder ontmoet
- Om die kunstenaar te help deur publisiteitsveldtogte te koördineer
- Om die kunstenaar se professionele span bymekaar te kry en te lei, en die kunstenaar aan hulle voor te stel
- Om die kunstenaar se konserttoere te koördineer
- Om druk toe te pas op die kunstenaar se opnamemaatskappy om die reklame- en bemarkingsveldtogte vir sy/haar opnames te maksimeer
- Om as buffer tussen die kunstenaar en die buitewêreld op te tree

(Enige 5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

6.2
- 'A & R'
- Produksie
- Verkope
- Promosie
- Bemarking
- Internasionaal
- Bedryfsake/Regsafdeling
- Produkbestuur
- Finansies
- Nuwe media (Enige 5 × 2) (10)

6.3
- Digitale aflaai
- Nie-interaktiewe webuitsending
- Stroming op aanvraag
- Luitone
- 'Ring backs'
- Bondeldienste
- Satellietradio
- Mobiele stroming (Enige 5 × 2) (10)

6.4
- Vergoeding
- Termyn
- Uitsluitings
- Toere wat 'n verlies toon
- Aftrekkings (5 × 2) (10)

6.5
- Termyn
- Persentasie van tantiéme
- Afloopklousules
- Risiko van verlies
- Voorskot
- Verhaling
- Kreatiewe beheer
- Vrystellingswaarborg
- Bestuur (Enige 5 × 2) (10)

6.6
- Regisseur
- Menger
- Komponis
- Liedjieskrywer
- Verwerker
- Musikante
- Opname-ingenieur
- Meesteringenieur ('Mastering engineer') (Enige 5 × 2) (10)

[60]

TOTAAL AFDELING B: 100

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 7

7.1 **Afloopklousules**

Opnames

- Die bestuurder word slegs betaal vir opnames wat tydens die termyn opgeneem en vrygestel is, en nie vir enige ander opnames na die termyn nie.
- Die bestuurder kry helfte van die kommissie vir opnames wat tydens die termyn gemaak is, maar wat eers daarna vrygestel word.

Publikasie

- Die bestuurder word betaal vir liedjies wat tydens die termyn opgeneem en vrygestel is.
- Die bestuurder kry helfte van die kommissie vir liedjies wat tydens die termyn opgeneem is, en eers daarna vrygestel word.
- Die bestuurder kry helfte van die kommissie vir liedjies wat tydens die termyn geskryf is, maar daarna opgeneem word.

Finale afsnypunt

- Daar moet ‘n datum wees waarop alle kommissie eindig, ongeag wat die omstandighede is.
- ‘n Goeie mikpunt is drie tot vyf jaar na die einde van die termyn.
- Dit moet nie langer as sewe jaar wees nie.
- Selfs met ‘n algemene afsnypunt kan kommissie verminder word.

(Enige 5 × 2) (10)

7.2 **Persoonlike bestuurder se kommissie**

- Bestuurders kry tipies 15% tot 20% van die kunstenaar se verdienste.
- Meeste bestuurders kry 15%.
- Die bestuurder se kommissie word gewoonlik bereken volgens die kunstenaar se bruto verdienste voor onkoste afgetrek is.
- Die persoonlike bestuurder neem 15% van dit wat die kunstenaar inbring.
- Die bestuurder se kommissie kan verhoog word wanneer die kunstenaar ‘n sekere bedrag verdien. (5 × 2) (10)

7.3 **Volmag**

- Die bestuurder het volmag as hy vir die kunstenaar optree.
- Die bestuurder het die reg om die kunstenaar se naam te teken op kontrakte.
- Die bestuurder het die reg om die kunstenaar se verteenwoordigers aan te stel en af te dank.
- Die kunstenaar het die reg om die kunstenaar se tjeks te wissel.
- Die kunstenaar moet sy eie verteenwoordigers aanstel of afdank, en beslis sy of haar eie tjeks wissel.
- Die enigste geval waar ‘n bestuurder vir ‘n kunstenaar teken is as (a) dit ‘n ooreenkoms vir persoonlike verskynings is, (b) die kunstenaar nie beskikbaar is om die ooreenkoms te teken nie, en (c) die bestuurder die kunstenaar se mondelinge goedkeuring vir die ooreenkoms ontvang het.

(Enige 5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

7.4 **Kunstenaar se vlak van bedingingsmag**

- Die kunstenaar se bedingingsmag kan in drie vlakke verdeel word:

- Nuwe kunstenaar
- Dit is iemand wat nog nooit ‘n opname-ooreenkoms aangegaan het nie, of iemand wat ‘n ooreenkoms aangegaan het maar nog nooit meer as ongeveer 100 000 albums per vrystelling verkoop het nie.

- Middelvlakkunstenaar of nuwe kunstenaar oor wie maatskappye in kompetisie is
- Dit is óf (1) ‘n kunstenaar wie se laaste album ongeveer 250 000 – 500 000 verkope gehad het, óf (2) ‘n nuwe kunstenaar met wie baie maatskappye graag ‘n ooreenkoms wil aangaan.

- Superster
- Dit is ‘n kunstenaar wie se laaste album meer as 1 miljoen kopieë verkoop het. (5 × 2) (10)

7.5 **Agent**

- Agente in die musiekbedryf is byna uitsluitlik betrokke by die bespreking van lewende persoonlike verskynings.
- Musiekagente is soms betrokke by reklameflitse, toerborgskappe, spesiale televisieoptredes en ander areas.
- Agente maak nie deel uit van, of word betaal vir, opnames, liedjieskrywery of die aanbied van handelsware nie.
- Agente ontvang kommissie.
- Die agentskapstermyn is meestal 3 jaar.
- Die bestek van die agentskap kan die filmbedryf insluit.
- Agente kan wêreldwye regte insluit. (Enige 5 × 2) (10)

7.6 **Leweringsvereistes**

- Buiten die getal opnames dui kontrakte ook die soort opnames aan wat gelewer moet word.
- Dit beteken dat, volgens die ooreenkoms, die maatskappy die opname moet aanvaar; die kontrak spesifiseer die standaarde wat die maatskappy kan gebruik wanneer ‘n besluit geneem word om die opname te aanvaar of nie.

- Kommersieel bevredigend
- Dit beteken dat die opnamemaatskappy slegs opnames hoef te aanvaar wat na hulle mening sal verkoop,
- met ander woorde, as hulle tevrede is dat die opname kommersieel benut kan word.

- Tegnies bevredigend
- Indien daar slegs ‘n opname gelewer moet word wat tegnies bevredigend is, is die maatskappy verplig om die opname te aanvaar as dit tegnies goed gedoen is. (Enige 5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

7.7 **Tantiéme vir regisseurs**

- Regisseurs word betaal vir alle opnames wat verkoop word.
- Opnamekoste word nie teen die regisseur se tantiéme gedebiteer nie.
- Die kunstenaar is daarvoor verantwoordelik om die regisseur se tantiéme te betaal.
- Die meeste regisseurs se tantiéme word terugwerkend na die eerste opname betaal, na verhaling van die opnamekoste teen die netto koers.
- Sommige regisseurs word volgens die verwagting betaal, na verhaling teen die gekombineerde koers. (5 × 2) (10)

7.8 **'Sideman'-optredes**

- 'Sideman'-optredes is wanneer supersterre op die agtergrond van andere se opnames speel en sing.
- Die optrede moet 'n werklike optrede wees, sonder enige solo's, duette, of 'stepping out'.
- Die eksklusiewe maatskappy moet 'n hoflikheidserkenning ontvang in die vorm van: kunstenaar tree op met vriendelike vergunning van X-opnames.
- Die heropnamebeperking kan nie vir enige seleksie verbreek word nie, selfs as 'n agtergrondkunstenaar.
- In die geval van 'n groep, kan nie meer as twee van die groep saam by enige spesifieke sessie optree nie.
- Sommige maatskappye vereis dat die ander kunstenaar se maatskappy die betrokke kunstenaar 'n 'sideman'-klaring gee in ruil daarvoor om hom/haar te laat gaan. (Enige 5 × 2) (10)

7.9 **Kruis-kollateralisering**

- Verhaling is 'n term wat verwys na die verhaling van opnamekoste uit die verkoop van opnames.
- Ooreenkomste en albums word kruis-gekollateraliseer om opnamekoste te verhaal.
- Die kruis-kollateralisering van ooreenkomste verwys na die kombinasie van inkomste uit verskillende ooreenkomste om die koste van 'n spesifieke ooreenkoms te verhaal.
- Die kruis-kollateralisering van albums verwys na die kombinasie van die inkomste uit verskillende albums om die koste van 'n spesifieke album te verhaal.
- Ooreenkomste en albums is kruis-gekollateraliseer om te voorkom dat die opnamemaatskappy 'n verlies ly. (5 × 2) (10)

7.10 **Sakebestuurder**

- Die sakebestuurder is die persoon wat al die kunstenaar se geld hanteer.
- Hy kollekteer dit, spoor dit na en betaal die kunstenaar se rekeninge.
- Hy belê die kunstenaar se geld en maak seker dat die kunstenaar belastingopgawes indien.
- Hy trek maandelikse finansiële verslae op.
- Hy doen die begroting, projeksies en voorspellings met betrekking tot die kunstenaar se inkomste. (5 × 2) (10)

[100]

TOTAAL AFDELING C: 100
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou